## LUGWORTEL STIMULASIE

CHARLES CERONIO

Omdat lugwortels 'n tipiese kenmerk van die meeste Wildevy spesies is, is dit nodig om dit aan te moedig om sodoende 'n perfekte nabootsing van die natuur as eindproduk te verkry. Die volgende metodes kan gevolg word:

Metode 1

Wanneer bloot lugwortels aangemoedig wil word om oor 'n rots te klouter en in die grondmengsel in die bak te anker, moet die omgewing permanent vogtig gehou word. Die stam of rots bly sodoende klam en nuwe lugwortels vorm dan binne enkele dae.

Die rots of boom kan permanent klam gehou deur 'n twee liter plastiese koeldrankbottel te gebruik. Dit word met water gevul en die prop toegedraai. 'n Gaatjie word onder in die bottel gesteek en die boom word hoër gehang sodat die druppels op die boom of klip drup.



Metode 2

Indien 'n plat rots gebruik word, word wortels oral verlang om die totale rots te bedek. Die rots word met lang mos of 'n lagie kompos toegemaak. Die kompos word op die rots gehou deur dit met 'n sykous te oordek. Hierdie mos of kompos moet voordurend klam gehou word deur een of twee druppende bottels oor die bompie te hang.

Lugwortels sal baie gou ontwikkel en uiteindelik die hele klip toegroei. Wanneer die wortels die grond in die bak bereik, kan die kompos of mos geleidelik verwyder word.



## PESTE EN PLAE

DAAN DU TOIT

Soos enige plant of bonsai word die Wildevy spesies ook aangeval deur insekte en ander vorms van plae. Om plae en peste suksesvol te beheer is die volgende van belang :

1. Identifiseer die plaag of pes. 'n Vergrootglas kan baie handig te pas kom.

2. Gebruik die regte gif en teen die korrekte sterkte. Lees die aanwysings noukeurig en onthou dat gifstowwe wat oud geword het of verkeerd geberg is, nutteloos is.

3. Boompies behoort nie gespuit te word as hulle as gevolg van droogte verlep is nie. Dit is veral belangrik by sistemiese middels.

4. Spuit slegs na waarneming van plae en nie sommer op aanvoeling nie.

PLAE EN BEHEER

Die volgende plae kan voorkom:

Bruin dopluis

Dit is die mees algemene plaag wat by Wildevye voorkom. Dit lyk net soos die naam aandui en kom gewoonlik aan die punte van betreklik nuwe groei op die stam voor. Die jonger dopluise is ligter van kleur. Die voorkoms van miere op die plant is normaalweg ook 'n aanduiding van luise. Die takkie waarop die luise voorkom is, in erg besmette gevalle, effens taaierig as gevolg van die heuningdou wat deur die dopluise afgeskei word.

Wanneer waargeneem kan word, kan die sagte bruin dopluis beheer word deur met Malathion, wat 'n kontakgif is, te spuit. Die dopluise behoort nie vinnig immuniteit daarteen te ontwikkel nie en afwisseling is dus onnodig. Malathion is meerdoelig en kan ook as kontakgif vir ander tipe luise gebruik word.